Scriptura 20 (1987), 1-32

# FUNDAMENTALISME - JA OF NEE?

P J du Plessis
Departement Bybelkunde
Randse Afrikaanse Universiteit
Johannesburg

**Abstract**: Fundamentalism - yes or no?

Fundamentalism does not exist, at least not as a 'highly self-enclosing ideology' as James Barr puts it. What we do have, is a mass of disparate religious and cultural phenomena with identifiable common characteristics In various parts of the world these phenomena are known by various names. They exist wherever the Bible is accepted as the word of God. One of the most basic traits, common to religious fundamentalism, is the totalitarian view of the Bible, i e that the Bible is the inspired and infallible word of God. Therefore it is universally normative.

Concomitant with this point of view we find, to a more or lesser degree, theological themes such as the universality of sin, divinity of Christ, the Immaculate Conception, personal and religious experiences, imminent judgment of the world, and so on. Where one or more of these concepts dominate to the point of becoming totalitarian, the resultant view of life is exclusivism. This in effect means a dualistic view of Scripture and life,

viz true as against nominal Christians, conservative as against historical critical examination, and application of the Bible and its message.

This paper explores illustratively the views and issues of fundamentalism in many parts of the Christian world and its theological thinking, with particular attention to their manifestation on the South African scene. The bottom line remains throughout: fundamentalism is a pathological phenomenon, to which we sincerely and firmly reply: no!

## Feite en verskynsels

Fundamentalisme bestaan nie, altans nie as 'n bepaalbare organisasie nie. Ewe min bestaan 'die' fundamentalisme as 'n geslote sisteem van teologiese denke, al word dit soms, ietwat onversigtig, beskryf as 'n religieuse sisteem of 'n 'highly self-enclosing ideology' (Barr 1977: 341). Waarmee ons wel te doen kry wanneer ons oor die onderwerp nadink en kontoere probeer bepaal, is 'n massa feite en verskynsels wat innerlik met mekaar verband hou. Hierdie verbondenheid - so mag ons voorlopig vasstel - is op die een of ander wyse identifiseerbaar as 'n vorm van verabsolutering. Hierdie begrip vorm die verbindingsdraad tussen die verskynsels. Uit eie ervaring en die hoogs omvangryke beskrywings wat ons in die werke van Barr en ander vind, is dit moontlik om aanvanklik 'n lys van die diverse verskynsels op te stel (Barr 1973; 1977; 1984; Conn 1976; Teeple 1982). Daarna kan 'n mens die eenheidsbeginsel nader identifiseer om so tot 'n erkenbare beskrywing van fundamentalisme te kom. 'n Eenvoudige antwoord of definisie is nie moontlik of wenslik nie.

### 0.1 Name en lande

Fundamentalisme staan in verskillende lande onder verskillende name bekend. As historiese fenomeneen is fundamentalisme in

hoofsaak 'n tipiese twintigste eeuse gestaltegewing van die Christendom in die VSA, waar die term eintlik sy oorsprong het (Conn 1976: 114). Tussen die jare 1909 en 1915 word 'n reeks van 29 monografieë in die VSA gepubliseer onder die titel **The Fundamentals** (Barr 1977: 2). Die naam het, soos die pluimsaad, ver gaan waai. In 1949 is nie alleen die naam nie, maar ook die saak 'n struikelfaktor vir die ontluikende Christendom in Korea (Conn 1976: 112). As alternatiewe gebruiksname kry ons te lese van 'extreme fundamentalism,' 'strict fundamentalism,' 'obskurantisme, puritanisme en sektariese perfeksionisme.' In Asië word die term 'konservatisme' verkies, terwyl in Groot-Brittanje en Europa aan 'evangelicalism' of 'conservative evangelicalism' voorkeur gegee word. Nog is dit die einde nie. Alternatiewe soos 'biblisisme,' en, minder vleiend, 'Metodisme,' 'piëtisme' en nog soveel meer, vind ons word losweg gebruik in verwysings na dieselfde soort verskynsels. Sedert 1948 kom nuwe name in die VSA in omloop, uit ontevredenheid met die swak front wat fundamentalisme teenoor die sterkerwordende politieke en kerklike 'liberalisme' gehandhaaf het, te wete 'neo-fundamentalism,' 'neo-evangelicalism' en 'neo-orthodoxy' (Galbraith sa: 5). 'n Ware Babelse Bybelse verwarring! In Suid-Afrika, meen ek, het ons en praat ons nog hoofsaaklik van fundamentalisme.

## 1. Algemene karaktertrekke

1.1 Wanneer 'n mens allerlei karaktertrekke van bepaalde verskynsels aanteken, is dit noodwendig histories-selektief, op grond van ons voorlopige uitgangspunt, dat verabsolutering in 'n mindere of meerdere mate in hierdie verskynsels 'n rol speel. Hierby moet ons in ag neem dat fundamentalisme 'n term is wat van toepassing gemaak kan word op meer terreine as die Christelik-kerklike. So kan ons in ortodokse Judaïstiese kringe ook van fundamentalisme praat, terwyl Islam sonder meer 'n fundamentalistiese godsdiens genoem kan word. Benewens die religieuse terreine, moet ons verder rekening hou met sekulêre fundamentalisme wat deurdring tot die opvoedkunde, die skoolwese, die kultuur en die politiek-staatkundige gebiede van die

samelewing. In hierdie opsig is fundamentalisme 'n universele verskynsel.

1.2 Van die verskynsels wat herhaaldelik in Christelike verband - dit wil sê Protestants, Rooms-Katoliek en vrye Christelike organisasies vir jeugwerk, sending en dergelike oogmerke - voorkom, kan die volgende genoem word sonder om aanspraak op volledigheid te maak, of om die blote voorkoms van 'n verskynsel as fundamentalisties aan te dui. Daarvoor moet die omvang en verband in ag geneem word.

1.2.1 Een van die eerste - en belangrikste - kenmerke is die **inspirasie van die Bybel**, of anders gestel: die Bybel as die geïnspireerde Woord van God. Machen, 'n groot eksponent van die fundamentalisme, verwoord dit soos volg:

> When we say that the Bible is the Word of God, we mean something very definite indeed. We mean that the Bible is true. We mean that the writers of the Bible, in addition to all their providential qualifications for their task, received an immediate and supernatural guidance and impulsion of the Spirit of God which kept them from the errors that are found in other books, and made the resulting book, the Bible, to be completely true in what it says regarding matters of fact, and completely authoritative in its commands. That is the great doctrine of the full or plenary inspiration of Holy Scripture.
>
> (Machen 1965:14).

Die komponente van hierdie beskouing, wat dit 'n totalitêre standpunt maak, is: die waarheid van die Skrif, die bonatuurlike leiding van die Heilige Gees op só 'n wyse dat die Bybel as boek onfeilbaar is, en ten slotte ook daarom gesaghebbend en voorskrywend. Die uitvoerige sitaat is nie willekeurig gekies nie. Dit verteenwoordig, in meerder of minder mate, die algemene standpunt ten opsigte van die Bybel wat ons in kerklike kringe die

wêreld oor teenkom. Die vraag na die fundamentalistiese karakter van die uitspraak kom later aan die orde.

Soos reeds gesê, kom die verskynsel ook op ander lewensterreine voor. In die VSA en Kanada bestaan die Christian Schools International (CIS) sedert 1919 as 'n vereniging vir skole om die Christelike lewensbeskouing op die skoolterrein te handhaaf en te bevorder deur middel van 'n geloofsbasis, Christelike personeel en curricula wat afgestem is op hierdie oogmerke. Onder die basiese beginsels (konstitusie) van die CIS geld as eerste die volgende: 'The basis of Christian Schools International is the Scriptures of the Old and New Testaments, the infallible Word of God, as explicated in Reformed creedal standards' (CIS, Bylaws Art. II). In 1982 het daar 368 skole - primêr en sekondêr - aan die Vereniging behoort met 'n leerlingtal van 71 235. Ook verskeie kolleges, soos die bekende Calvin College, Grand Rapids, is by die CIS geaffilieer. Buite hierdie kringe is daar talle Christelike skole, wat soms radikaal van mekaar verskil, maar in een opsig ooreenstem, naamlik dat 'the Bible is the infallible word of God' (cf Van Dyk & Mattheis sa). So sal 'n mens die standpunt op groot verskeidenhede van terreine in die VSA en elders aantref.

1.2.2 Voortvloeiend uit hierdie algemene opvatting, is dit byna vanselfsprekend dat bepaalde leerstellings sterker nadruk sal ontvang as ander. Ons noem van die belangrikstes: die leer van die sondeval en algehele verdorwenheid van die mens, die goddelikheid van Christus, die maagdelike geboorte, die plaasvervangende lyding en sterwe van Christus, persoonlike geloofservaring en bekering, dispensasionalisme, letterlike vertolking van die Bybel, die wegraping, die nabye einde van die wêreld en wêreldgerig, die wêreldsending en evangelisasie, skepping teenoor evolusie en talle aspekte meer (Conn: 106-140). Die lys is eindeloos. Met baie van die leerstellings sal die meeste van ons saamstem. Die probleem is egter elders geleë, naamlik in die wyse waarop sommige van hierdie beskouings in die kerklike praktyk toegepas word. Om slegs een voorbeeld te neem: 'n letterlike vertolking van die Skrif bring allerlei probleme mee. Om derglike probleme die hoof te bied, word die Bybelboeke 'gegradeer' (Barr 1977: 65), byvoorbeeld Hooglied en

Ester wat agter gestel word by die Evangelies, of Paulus. Soms word gebruik gemaak van harmoniëring om alle dele met mekaar in ooreenstemming te bring. Ons kom later hierop terug in 'n poging om in die verskeidenheid die eenheid te ontdek wat die wese van fundamentalisme verteenwoordig.

1.3 Gepaardgaande met die beklemtoning van hierdie teologiese beskouings, tref ons 'n ooreenstemmende lewenshouding aan. Mense met sulke oortuigings openbaar 'n vorm van eksklusiwiteit. Daar word duidelik verskil gemaak tussen 'ware Christene' en 'nominale Christene' (selfs valse Christene). Dit lei op sy beurt tot die dualisme, 'Skrifgetrou' teenoor 'Skrifkrities.' Hierdie soort gevoelens en beoordeling (selfs veroordeling) word in 'n verskeidenheid van kerklike tuistes aangetref. Dit kan wees 'konserwatief,' in die sin van 'main line churches,' of dit kan wees 'evangelies,' in die sin van 'pinkster-charismatiese of sektariese kringe.' Onskuldig is dit nie. Die dualisme en antitese tussen 'waar' en 'vals,' 'krities' en 'behoudend' word intolerant gehandhaaf. Intoleransie is eie aan 'n geslote kerk- en Skrifbeskouing. Die afkeur van afwykings van die eie beskouing, soos byvoorbeeld teenoor 'modernisme,' 'liberalisme,' 'hoër kritiek' en derglike, word aggressief uitgeleef. Hierteenoor word die eie denkbeelde onkrities behou en apologeties verdedig. Barr gee 'n goeie analise van hierdie persoonlike houdings. 'n Mens kan nie met alles wat hy sê saamstem nie (trouens, dit sal hom ontstel!), maar sy gevolgtrekking is nugter: 'If fundamentalism has to be specially studied, it is not because it is uniquely damaging (though that can at times be so) but because of its peculiar alienated and cut-off character' (1977: 337).

Basies kan ons in die teologiese fundering en kerklike houdings 'n patroon van verabsolutering en distansiëring onderken. Om name en kerke te noem, is riskant. Voorlopig hou ek my by die stryd in die VSA wat gelei het tot die formasie van die Orthodox Presbyterian Church in 1936. Hierdie kerk maak daarop aanspraak dat hy die ware verteenwoordiger van die 'Reformed Faith' is: 'This is the historic faith of the Reformation. It has been held by Presbyterians from Machen back through Warfield and Hodge of Princeton,

Abraham Kuyper of the Netherlands, to the apostle Paul' (Galbraith: 6). Die stamboom is imponerend, maar of dié geleerde here almal om dieselfde tafel sitgemaak wil word, is 'n ander vraag. Nog name kan bygevoeg word, wat by ons in Suid-Afrikan nie onbekendes is nie: William Greene, Robert Wilson, Gerhardus Vos, William Armstrong, John Murray en Cornelis van Til, van Princeton en Westminster Theological Seminary.

Een van hulle wil ek uitsonder as voorbeeld van die verreikende invloed wat 'n eksponent van 'n bepaalde teologiese oortuiging kan hê. Cornelis van Til het in Rousas John Rushdoony 'n waardige navolger gevind. As skrywer, prediker en kampvegter teen elke vorm van 'liberalisme' het hy 'n eie teologie ontwerp, wat hy 'teonomie' (Godly rule) noem (Rushdoony 1983). Vandag bestaan daar 'n klein gemeenskap van sy aanhangers in die Rocky-gebergtes in Murphys, California. Hulle noem hulleself die Chalcedon Foundation. Van hieruit word 'n besonder aktiewe bediening bedryf. Die gemeenskap is klein, maar buitengewoon toegewyd. Dit sal onbillik wees om hulle 'n klompie tipiese fundamentaliste te noem. Nietemin openbaar hulle die totalitêre karakter wat in die bogenoemde verskynsels geïdentifiseer is: onfeilbaarheid van die Skrif, eksklusiwiteit van lewe en leer, distansiëring van die wêreld en bestryding van teologiese en politieke liberalisme (Rushdoony 1983: 62).

1.4 Die algemene kensketsing van fundamentalisme as 'n diversiteit van leer- en lewensverskynsels, soos hierbo weergegee, kan aanstoot gee. Miskien erken iemand êrens 'n bepaalde konteks, waarteen hy hom met mag wil verset. 'Reformed faith' en 'Pentacostalism' (om by die Engelse terminologie te hou) sit tog nie om dieselfde tafel nie. Buitendien kan gevra word of die handhawing van die inspirasie van die Skrif en sy onfeilbaarheid dan nou as sodanig verkeerd en as fundamentalisties bestempel word. Natuurlik nie. Nietemin staan die absoluutheid van die Bybel as Woord van God en die daaruit voortvloeiende leer- en lewensbeskouings tog in 'n duidelike verband met die verskynsels wat as konstitutief vir die fundamentalisme aangedui is. Daarom is dit nodig om die kontoere van hierdie aspek duideliker te trek. 'n

Sensitiewe onderwerp soos hierdie verg van elkeen wat aan die debat deelneem 'n nugter analise en genuanseerde spreke.

## 2.0 Die Bybel as Woord van God

Wat in hierdie paragraaf aan die orde kom, is nie die inspirasieleer as sodanig nie, maar die funksionering van die Bybel binne die konstellasie van verskynsels waaruit fundamentalisme sy gestalte verkry. Die **een konstante faktor** wat in al hierdie beskrywings telkens op die voorgrond tree, is die **Bybel as 'gesaghebbende en onfeilbare woord van God.'**

Hoe funksioneer hierdie uitgangspunt nou binne die konteks van ons bespreking? Barr het gelyk as hy sê dat die probleem van die fundamentalisme nie in die Bybel as sodanig geleë is nie, maar in die religieuse ervaring en tradisie van mense waarmee hulle die uitleg van die Bybel beheers en kontroleer. Op dié manier word die Bybel verhef tot 'n swaard en skild vir selfhandhawing. Hierdie greep op die Bybel is nie intern uit die Skrif, maar ekstern aan die Skrif opgelê. Hierdie 'kragtige greep' is eie aan die fundamentalisme en verskaf die erns en ywer waarmee die religieuse belewenis gehandhaaf en gefundeer word as staande onder die gesag van die Skrif, terwyl dit in werklikheid die Skrifgesag ekstern bepaal en vasstel (Barr 1977: 11 ev).

Om in hierdie doel te slaag, word daar veral van twee hermeneutiese tegnieke gebruik gemaak, naamlik 'n voortdurende wisseling van 'n letterlike na 'n figuurlike interpretasie, en andersom. Waaroor die konflik werklik gaan, is nie die letterlike of figuurlike Skrifvertolking nie, maar die handhawing van die **onfeilbaarheid ('inerrancy')** van die Bybel. Die uitgangspunt is: indien die Bybel nie onfeilbaar (foutloos) is nie, het dit nie volkome gesag en betroubaarheid nie. Fundamentalisme is dan die selfopgelegde verdediging en handhawing van die onfeilbaarheidskenmerk (Barr 1977: 40).

Hierteenoor kan 'n mens vra: maar wat van die selfgetuienis van die Skrif? Tereg sê Ridderbos dat 'onfeilbaarheid' en 'feilloosheid

(inerrancy)' geen Bybelse begrippe is nie, en dat die begrippe teologies vanuit 'n ander Skrifvertolking benader moet word (Ridderbos 1968: 59 ev). Hierop kom ons later terug. Op hierdie stadium is dit duidelik genoeg dat ons met 'n hermeneutiese probleem te doen het, waarin die **verabsolutering van die Skrif** die kardinale gesigspunt is. Hier staan ons by die polsslag van die fundamentalisme.

## 2.1 Letterlike en figuurlike betekenis

Om wisselend Skrifgedeeltes letterlik en ander figuurlik te vertolk, is 'n bekende poging om die onfeilbaarheid teen allerlei vorms van 'foute' en 'teenstrydighede' te handhaaf. As voorbeeld haal Barr aan die verskuiwing van 'n letterlike vertolking van Genesis 1 na 'n figuurlike verklaring in die **New Bible Commentary**. Die 'dae' van Genesis is dan niks anders nie as 'n figuurlike uitdrukking van duidelik afgebakende periodes (Barr 1977: 41). So ook word in die genealogiese lyste van Genesis 5 (en Gn 11) 'n 'great gap' in die stamboom van Adam tot Noag ontdek om 'n onbepaalde en onbepaalbare periode te kan konstateer (1977:43). Wat ons in hierdie en soveel ander voorbeelde wat genoem kan word, aantref, is in werklikheid 'n **herinterpretasie** van die Bybelse gegewens om die kenmerk van absolute onfeilbaarheid te handhaaf. Dan vind ek Ridderbos se standpunt van gewoon 'non liquet' veel meer eerlik en eerbaar as om allerlei gegewens letterlik te krimp of figuurlik te rek (1968: 66).

## 2.2 Harmoniëring

Indien 'n mens die onfeilbaarheid as eis stel, beteken dit dat wanneer twee uitsprake na een en dieselfde, of klaarblyklik dieselfde, gebeurtenis verwys, moet die twee uitsprake in substansie ooreenstem. Indien dit nie die geval is nie, beteken dit dat die onfeilbaarheidseis in gedrang kom, of minstens herformuleer moet word. Aangesien daar so 'n groot aantal uitsprake is wat nie ooreenstem nie, word die verskille deur harmoniëring 'n gelykluidende verklaring gegee. By die verklarings word dan bygevoeg dat die verskeidenheid van gawes en talente van die

outeurs, die diversiteit van tradisies, die doel en konteks van die uitsprake in ag geneem moet word. Die skrywers teken immers nie die **ipsissima verba** aan nie. Daarom sal daar klaarblyklik aksentverskille wees, wat nie die wese van een en dieselfde saak aantas nie. Waar die onderskeid en afwykings egter so groot is dat klemverskuiwing nie meer 'n toereikende verklaring bied nie, word van 'n aantal beproefde tegnieke gebruik gemaak om tot 'n bevredigende verklaring te kom.

Een wat vroeër aan die orde van die dag was, en soms nog is, is die aanname dat 'n gebeurtenis twee maal plaasgevind het, of dat bepaalde uitsprake by meer as een geleentheid onder verskillende omstandighede uitgespreek is. Hierdie duplisering van gebeure en uitsprake is doeblette genoem. Enkele voorbeelde illustreer die saak: een of twee tempelreinigings? (Mt 21:10-17, teenoor Jh 2:13-21); meer as een hemelvaart van Jesus? (Lk 24:40-53, teenoor Hd 1:3-11). Die waarskynlike is dat ons met een gebeurtenis te doen het, maar dat dit op twee teenstrydige of altans verskillende maniere beskryf is. Dit is tipies fundamentalisties, maar die duplisering verklaar nie die gebeurtenis nie. Hermeneuties het die fundamentalisme nie raad met sulke gegewens nie. 'n Soortgelyke gebeurtenis het ons in die salwing van Jesus se liggaam na sy dood aan die kruis: Johannes 19:38-42 is moeilik in ooreenstemming te bring met Markus 16:1 en Lukas 24:1. Tereg sê Brown: 'One must reject the harmonization theory that the preparations on Friday described in John were provisional and the women came to complete the task on Sunday' (Brown 1982: 957).

'n Ander groot kopseer vir Skrifverklaarders in hierdie kategorie, is die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament. Sagaria 9:9 word ten dele in Matteus 21:6-7 aangehaal met die volgende beskrywing van wat verder gebeur: 'Hulle het die donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim.' Matteus praat duidelik van twee diere: 'n donkie en 'n vul. Markus (11:7), Lukas (19:28) en Johannes (12:14) praat slegs van een dier, wat in ooreenstemming is met die parallelisme van die Ou-Testamentiese sitaat. Die aanhaling deur Matteus word verder bemoeilik deur die feit dat hy Jesus op twee diere - die donkie en die

vul - die stad laat binnery. Die Griekse teks van Matteus lui: Hy het op **hulle** (meervoud) gaan sit. Groenewald verklaar die gebeure deur die weergawe van Johannes te volg, ten spyte van die feit dat hy twee diere noem en die parallelle aandui: 'Jesus gaan op die vul sit.' Hierin sien hy nie slegs een vervulling van 'n Ou-Testamentiese teksgedeelte nie, maar twee, naamlik Sagaria 9:9, én Numeri 19:2:

> Dit is van betekenis in hierdie verband dat Hy op 'n vul ry waarop geen mens nog gery het nie. Volgens die wet van Moses moes die dier wat aan God gewy word, sonder gebrek wees en een wat nooit 'n juk gedra het nie (vgl Nm 19:2 ea). Aan hierdie voorskrif het die vul voldoen.'
>
> (Groenewald 1969: 342).

Teenoor hierdie verklaring kry ons by Colwell die volgende kommentaar op hierdie teks van Matteus: 'An ignorance of a literary form led Matthew to ask us to picture Jesus as riding two animals into Jerusalem' (Colwell 1967: 125). As ons nou in terme van ons karaktersketsing van die fundamentalisme moet oordeel, dan is die verklaring van Groenewald seker nie van 'fundamentalisme' vry te spreek nie.

Dergelike voorbeelde kan grootskaals herhaal word. In 'n onlangse voordrag wat gelewer is tydens die byeenkoms van die Gespreksgroep Kerk/Universiteit by die RAU het Spangenberg verwys na, onder meer, die gebruik van Psalm 8 deur Matteus (21:16) en Hebreërs (2:5-18). Sy kommentaar dui 'n soortgelyke geval aan as die voorafgaande teks van Matteus, naamlik dat

> ...hy nie ag slaan op die antitetiese parallelisme vervat in Ps 8:2b-3a nie.... Daarmee wou Matteus klaarblyklik Jesus Christus se goddelikheid aan die orde stel, maar die vraag kan tog gestel word of Matteus hier nie meer in die teks ingelees het as wat die teks hom toelaat nie.
>
> (Ongepubliseerde referaat, 18 Maart 1985).

Soortgelyke behandeling van Psalms 2 en 22 vind ons in die Nuwe Testament. Psalm 2 is 'n tipiese voorbeeld. In Handelinge 4:25-28 vorm dit deel van die gelowiges se gebed vir Petrus en Johannes na hulle vrylating. Die **gesalfde** teen wie die konings van die aarde in **opstand** kom, is Jesus Christus. In Handelinge 13:33 word Psalm 2:7 geïnterpreteer as 'n verwysing na Jesus se **opstanding**. In Hebreërs 1:5 word Psalm 2:7 aangehaal om Jesus se verhewenheid bo die engele te beklemtoon, terwyl in Hebreërs 5:5 die psalmvers gebruik word om die aard van Jesus se hoëpriesterskap te skets. Openbaring 2:26-27 gebruik Psalm 2:9 vir die toekomstige heerskappy van die gelowiges. Ten slotte gebruik Openbaring 12:5 Psalm 2:9 om die kind, Jesus Christus, se heerskappy te teken (Spangenberg). Ses keer word 'n Ou-Testamentiese Psalm gebruik en telkens in 'n verskillende verband met 'n verskillende betekenis. Dit illustreer duidelik dat die Nuwe Testament nie as hermeneutiese rigsnoer kan en mag gebruik word om die Ou Testament te verklaar nie, wat juis een van die hoekstene van die fundamentalistiese Skrifvertolking is. In werlikheid is dit - soos Psalm 2 aandui - 'n Christologiese herinterpretasie van die Ou Testament.

By wyse van opsomming kan gesê word dat die Skrifgebruik in hierdie kringe die eenheid en absolute ooreenkoms tussen Ou en Nuwe Testament en tussen verskillende Skrifgedeeltes in die Ou Testament handhaaf deur, onder meer, harmoniëring en ander eksegetiese tegnieke. Die doel daaragter is om die onfeilbaarheid van die Skrif te beskerm en om gelykluidende en ooreenstemmende verklarings te gee. So gesien, het die fundamentalisme 'n hermeneutiese probleem wat noodwendig moet lei tot 'n soort **dualisme** en **'n apologetiese stellingname**. In hierdie opsig het ons natuurlik graadverskille wat wissel van ekstreme verabsolutering tot gematigde behandeling van teksmateriaal. Verabsolutering kan deur harmoniëring en ander tegnieke tot 'n wegverklaring van probleme en oneffenhede lei. Op dié manier word die Woord 'glad gestryk' en word sy gesag gehandhaaf. Aan die ander kant kan atomisering (fragmentering) gebruik word om betekenis in die teks 'in te lees,' en om klaarblyklike leemtes aan te

vul. Wegverklaring, sowel as inverklaring, is tipies van die Bybelgebruik deur fundamentaliste.

Dat dit alles vir mense wat hierdie uitgangspunt wil handhaaf, 'n sak vol probleme meebring, is duidelik. Dit moet tog nie aangenaam wees om voortdurend polemies en apologeties te reageer teenoor elke stukkie historiese kritiek wat opduik nie. Dit skep 'n dualisme in eie gemoed, wat ongeveer soos volg beskryf kan word: God kan nie 'n fout maak nie, mense wel. Die Bybel is nie meganies-verbaal geïnspireer nie, maar organies-dialogies. Tog moet laasgenoemde begrip so hanteer word dat daar vir foute en teenstrydighede geen ruimte gelaat word nie. Natuurlik is die begrippe 'fout,' 'vals' en 'teenstrydig,' in die buurt van die Skrif verdag, en lok onmiddellik weerstand op.

Daarom moet 'n mens versigtig en genuanseerd in jou ontleding en beskrywing wees, sonder om deur polemiek en weerstand geïnhibeer te word. In alle billikheid, byvoorbeeld, kan 'n mens nie sê dat Ridderbos 'n fundamentalis is nie, maar hoedat hy in homself die stryd teen 'n dualistiese Skrifbeskouing nie wil ontloop nie, blyk uit sy eie woorde:

> De onfeilbaarheid der Schrift bestaat **niet... in de litteraire en historische accuraatheid** waarmee Jezus' woorden zijn overgeleverd, maar daarin dat, een ieder, die ze hoort en doet, is gelijk, een mens die zijn huis op de rots heeft gebouwd. **Dat wil weer niet zeggen**, dat het letterlijke en historische bij deze betrouwbaarheid en onfeilbaarheid geen rol zou spelen.'
>
> (My beklemtoning) (Ridderbos 1968:63).

Ek het alle waardering vir Ridderbos se stellingname teen harmoniëring, teen deïfikasie van die Skrif, teen relativering van die Bybel se menslike karakter, en begrip vir sy dilemma om tot 'n bevredigende beskrywing van die eienskappe 'gesag, en onfeilbaarheid' van die Skrif te kom. Die feit dat hy dit in verband bring met die doel en aard en sentrum van die Skrif, beteken dat

alles wat die Skrif bevat, nie eo ipso die kwaliteit van goddelike openbaring het nie en daarom ook nie in formele sin dieselfde gesag dra nie (Ridderbos 1968: 65). Hy is terdeë bewus van die gevaar om in 'n dualistiese Skrifbeskouing te geraak, maar ontkom nie daaraan nie. Dat die Skrif deur God geïnspireer is, beteken nie dat '...wij de Bijbel mogen vergoddelijken, en op die Bijbel als schepping van God de eigenschappen mogen overbrengen, die alleen aan God toekomen' (1968:64). Dieselfde geld van Heyns se beskouing wat in 'n groot mate van Ridderbos afgelei is:

> Die betroubaarheid van die Bybel is nie los te maak van sy **oorsprong** en sy **boodskap** nie.... Maar dan sal ons hier moet praat van die **skopiese** betroubaarheid en **periferiese** betroubaarheid. Die ganse Skrif is betroubaar, maar tog nie in alle opsigte op dieselfde wyse betroubaar nie.
>
> (Heyns 1978:31-32).

Uit die voorafgaande bespreking blyk hoedat die hermeneutiese probleem van die fundamentalisme ons 'n dualisme oplê. Aangesien die tradisionele dualistiese inspirasieleer onaanvaarbaar blyk te wees, vind daar 'n verskuiwing plaas van die saak (die Skrif) na die persoon (die leser/teoloog). Die inhiberende werking van die fundamentalisme ten opsigte van Skrifbeskouing verplig mense dan om die dualisme in hulleself op te neem as lesers van die Skrif en om die klaarblyklike verskille/teenstrydighede aan 'n skopus-periferiese, of histories-kerugmatiese model te akkommodeer. Sal dit nie eenvoudiger wees om die menslike karakter van die Skrif as die besinning oor God en sy mense ten volle te verdiskonteer as deel van die kommunikasieproses tussen God en mens nie, in plaas daarvan om 'n predominante Godsopenbaring te postuleer, waaraan onfeilbaarheid dan in toto goegeken moet word, omdat God onfeilbaar en volmaak is.

Dit blyk dat die fundamentalisme as gevolg van sy verabsolutering van die objektiewe Godsopenbaring in die Skrif, as sodanig, 'n eindelose reeks vrae en probleme ontketen wat nie langs die weg van dogmatiese a priorismes opgelos of verantwoord kan word nie.

Daar sal na nuwe weë gesoek moet word. Sal die fundamentalisme dan nog reg van bestaan hê, as hy dit ooit gehad het? Hierop sal ons kortliks moet nader ingaan.

## 3. Samevatting en definiëring

Fundamentalisme is in die eerste instansie 'n divergente teologies-kerklike verskynsel, waarvan die vernaamste kenmerk die volgende is: die onfeilbaarheid van die Bybel as histories-gekwalifiseerde waarheid en werklikheid. Die fundamentalisme bestaan nie as 'n bepaalde fenomeen in individuele kerke, kerkgenootskappe of kerklike organisasies nie. Bepaalde kerke en organisasies kan wel as fundamentalisties van aard of neiging aangedui word. Die verskynsel kom in verskillende wêrelddele onder verskillende name voor. Dit is telkens verskillend van agtergrond en geskiedenis. Die verskeidenheid van aksente en elemente maak dit moeilik om die fundamentalisme as versamelnaam vir disparate verskynsels te gebruik. Omgekeerd, is nie alle handhawing en onfeilbaarheid van die Skrif as fundamentalisme aan te dui nie.

In die kern van die saak is fundamentalisme 'n gevaarfenomeen. (Barr noem dit 'n siekteverskynsel, 1977:5). Dit dring ortodokse gemeenskappe sowel as heterodokse organisasies binne. In sy ekstreme vorm verstar dit voorveronderstellings tot vooroordele. Dan word slegs die eie besef van Skrifgesag, die kerklike organisasie en gemeentelike lewe as legitiem aanvaar.

Daarom is fundamentalisme, per definisie, intolerant en eksklusief. Dit vertoon weinig openheid vir interkerklike en inter-organisatoriese gesprek rondom die Skrif en fundamentele waarhede, hoofsaaklik vanweë die geslotenheid van uitgangspunt. Waar die gesprek opgeneem word, is dit vanuit sy eie verskansing; daarom polemies en apologeties van aard.

In sy wese is fundamentalisme nie 'n verskynsel nie, maar 'n kompleks van verskynsels wat in meerder of minder mate in 'n meervoudigheid van lewensterreine voorkom: die kerk, die kultuur,

die opvoedkunde, die wetenskap, die politiek, om enkeles te noem. Natuurlik kom nie al die genoemde karaktertrekke altyd en in dieselfde mate op al hierdie terreine voor nie. Met versigtigheid en nuansering moet 'n bepaalde konstellasie van verskynsels in hierdie konteks ontleed word. 'n Mens ontkom nie aan die klag van onbillikheid indien jy gewoonweg alles en almal wat die Skrif as gesaghebbend en onfeilbaar beskou, as fundamentalisties brandmerk nie.

Fundamentalisme is, in die laaste instansie, nie slegs die handhawing of postulering van Skrifonfeilbaarheid nie, maar die **verabsolutering** van hierdie kwaliteit. Die opmerking verdien nader kwalifisering. Dit kan uit die bogenoemde beskrywing afgelei word dat fundamentalisme 'n negatiewe saak is, of anders gestel: 'n standpunt te midde van negatiewe verskynsels. Dit kan byvoorbeeld gevra word: is die antitese (as voortvloeisel van eksklusiwiteit) tussen geloof en ongeloof nie volledig Bybels en dus verantwoord nie? Dit kan verder gevra word: is daar nie ook 'n ander kant van fundamentalisme wat nog nie aan die orde gekom het nie? Op derglike teenvrae moet 'n mens antwoord: uiteraard is daar aspekte en dimensies wat positief identifiseerbaar is, maar sodra hierdie aspekte nie meer aan die **verabsoluteringsbeginsel** ondergeskik gestel word nie, is dié perpektiewe positief en nie meer fundamentalisties nie! Aan fundamentalisme kom nie 'n alternatiewe positiewe perspektief toe nie, maar sodra 'positiewe perspektiewe' in die sin van ontverabsolutering voorkom, hou fundamentalisme op en begin 'n verantwoorde verdiskontering van fundamentele waarhede, soos die werk van die Heilige Gees, geloof en ander Skrifwaarhede.

Daarom het Barr gelyk as hy sê dat fundamentaliste nog altyd daarop aangedring het dat die Bybel nie slegs as gesaghebbend aanvaar moet word nie - iets wat die meeste teoloë graag aanvaar - maar dat hierdie gesag op die onfeilbaarheid en feilloosheid van die Skrif gefundeer moet word (Barr 1977: 163). Dit is juis ten opsigte hiervan dat die onversoenbaarheid tussen fundamentalistiese en nie-fundamentalistiese Skrifbeskouing en Skrifgebruik blyk. Daar is dus nie 'n ander kant (positiewe) aan fundamentalisme nie; slegs

'n alternatief en potensialiteite. Dit is moontlik om die gesag van die Skrif te bely en te beleef sonder om jou die diktatuur van die fundamentalisme aan te trek.

## 4. Die fundamentalisme in Suid-Afrika

Dit is feitlik onmoontlik om onbetrokke oor hierdie onderwerp te skryf. Ons vaderlandse kerkgeskiedenis is, as sodanig, nie 'n sensitiewe area van ondersoek nie, maar ten opsigte van die fundamentalisme, moet ons sê dat dit juis hierdie onderwerp is wat so 'n stryd intra- en interkerklik opgeroep het. Die drie Afrikaanse kerke (die 'main line churches') het, sedert hulle aanvang, 'n saak met hulleself en mekaar oor hierdie saak. Die stryd is nog lank nie verby nie. 'n Mens word des te meer daarvan bewus wanneer jy merk hoedat uitlopers van die stryd oorloop in die opvoedkunde, die kultuur, die staatkundige lewe. Oral kom jy dieselfde uitgangspunte en kontrapunte van die fundamentalisme teen. Die nuwe bedeling roep opnuut die probleem na die sentrum van ons politieke denke. Vele vra: hoe kan ons met ander wat nie die Bybel, en slegs die Bybel, as die gesaghebbende en onfeilbare Woord en norm van God is, in een juk saamtrek? Ander vra die teendeel: hoe kan ons nie?

4.1 Laat ons begin en eindig deur 'n paar vlugtige - en billik bedoelde - kanttekeninge te plaas. Dat hier eiesoortige aksente uit die hoofstroom van hierdie denkrigting in die spel is, is onmiskenbaar. Hulle moet by name genoem word. Die oorsigtelike artikel van Loader bied ons 'n bruikbare gids deur die oerwoud (Loader 1980: 101 ev). Kern en inslag van sy analise is dat die Totius-model (J D du Toit) van die fundamentalisme vir baie jare, en nog steeds, 'n dominante invloed op kerklik-Afrikaanse denke oor Skrifgesag handhaaf. Hy sien dit as 'n keurslyf waarin invloedryke teoloë, kerkleiers, organisasies en denkpatrone willens en onwillens gedruk is.

Dit lyk my meer bevredigend om die eiesoortige aksente wat ons opval, aan te dui in hulle ooreenkoms en verskil met die algemene fundamentalistiese stroom. Die leser oordeel self die billikheid, al dan nie, van Loader se Totius-model. Wat ons onteenseglik uit

Totius se erfenis ter tafel het, is sy **totalitêre Skrifbeskouing** van die Bybel as onfeilbare Woord van God, die **verwerping van die kritiese Bybelwetenskap, verwerping van andersdenkendes** as ongelowiges 'puur en simpel,' **verwerping van ander interpretasies** as 'Skrifverwerping en Christusversaking,' die **wisseling van letterlike verklaring** na **figuurlike vertolking** van Skrifgedeeltes (die Pentateug het letterlik Moses as outeur; maar Jefta se gelofte is figuurlik bedoel), en die **bondgenootskap met die argeologie** (ter stawing, nie bewysvoering, van die juistheid van die Bybel). Dit is van die belangrikste komponente in die Loader-gekomponeerde Totiusmodel (1980: 104-106) Hoe ons ook al hieroor oordeel, is die fundamentalistiese idioom te opvallend om sito-sito opsy geskuif te word: te wete die totalitêre Skrifbeskouing, die eksklusivisme en harmoniëring van Skrifgedeeltes.

Die stempel, sonder die sterk polemiese Totius-toon, vind hy by verskeie medewerkers aan die Afrikaanse Bybel met verklarende aantekeninge, byvoorbeeld S J du Plessis op Eksodus en Levitikus (die Mosaïese outeurskap van die Pentateug). 'n Belangrike aksentverskuiwing by hom is nie 'n afwysing van kritiese Bybelwerk nie, maar 'n totale ignorering daarvan! Dieselfde geld van J H Kroeze se bydrae oor Deuteronomium. Die volgende kan net genoem word met die bepaalde Skrifgedeelte waaroor die tipies fundamentalistiese denkwyse gehandhaaf word: P A Verhoef (Jes 40-66), S du Toit (historiese betroubaarheid van Daniël se gegewens), T P J Dreyer ('...dit is wel moontlik dat God 'n vis kon beskik om Jona in te sluk en uit te spuug'), J P Oberholzer ('Ester, 'n stuk Israelgeskiedenis, waarvan Mordegai waarskynlik vir die grootste gedeelte die outeur is').

In die program 'Wat sê die Bybel?' kan soortgelyke uitsprake gehoor word. Prominente deelnemers aan hierdie program was wisselend: W C van Wyk, A H van Zyl (Jos 10: die son het werklik stilgestaan), H S Pelser (Noag se ark was groot genoeg om al die diersoorte van die aarde te akkommodeer, met al die probleme van voedselvoorsiening en misverwydering), B J Engelbrecht (die

historisiteit van Samuel se spook en Saul as ongelowige), Dreyer en nog ander (Loader 109-110).

Verskeie publikasies vanuit Afrikaans kerklike kringe kom ook onder die loep: J H Kroeze (**Handboek Bybelse geskiedenis Ou Testament**: skepping/ evolusie; Gen 3, die pratende slang en Bileam se donkie); J G van Niekerk (**Openbaringsgeskiedenis - 'n Handleiding vir Bybelstudente**: '...van die ergste literatuur wat ek nog teengekom het,' Loader 111), F C Fensham (**Wetenskap en Bybelkunde**).

Genoeg is gesê oor publikasies en standpunte uit hierdie kringe. Hoe beoordeel ons dit? Loader is sekerlik nie vry te spreek van 'n jag maak op fundamentalistiese trekke en idiome nie. As die fundamentalisme alles vanuit die onfeilbaarheidstandpunt beoordeel, moet 'n mens pasop om nie as reaksie die resultate en standpunte van sodanige navorsing te beoordeel vanuit 'n feilbaarheidstandpunt nie , en alle Bybelnavorsing aan die histories-kritiese Bybelwetenskap ten dienste te stel. Ek vrees daarvoor dat ons dan die reeds bestaande dualisme tussen 'Bybelkrities' en 'Bybelgetrou' net verder verskerp en in die hand werk. Die pot kan die ketel nie verwyt dat hy, van 'n sekere kant gesien, swart is nie. Totius se totalitêre uitspraak dat 'wie volgens ons Belydenis die Skrifgesag ten volle aanvaar, kan met die Skrifkritiek geen enkele skrede saamgaan nie' (aangehaal deur Loader 104), vind 'n duidelike parallel in Loader se woorde: 'Kan ons toelaat dat mense verkeerde dinge glo en andere verkeerde dinge leer alleen sodat fundamentaliste nie gefrustreer moet word nie?' (Loader 115). Dié dualisme is werklik onverkwiklik en tot niemand se voordeel nie. 'n Mens kan hom ook nie vryspreek van vooroordeel wanneer hy teoloë van Hervormde huise, wat hulle - eintlik onwillens - aan hierdie denkpatroon gewonne gee, van genoemde swart kant 'n lagie wit verf gee nie, soos W C van Wyk en J P Oberholzer. 'n Paar ander kry 'n opslagspatseltjie, soos A H van Zyl.

Ek deel egter sonder meer sy ergernis en kommer oor die nadelige uitwerking wat sulke totalitêre standpunte op die vlak van kerklike samewerking (ekumene) het. Ek stem ook saam dat

fundamentalisme in ons land nie effektief bestry word nie (114). Dit wek die grootste kommer, egter, dat die fundamentalisme so 'n **inhiberende werking** in ons land het. Dit is opvallend dat soveel mense, met sowel fundamentalistiese as histories-kritiese oortuigings, onder een kombers toegemaak word. Dit is natuurlik alleen moontlik indien mense hulle dit laat aandoen. Ek vind dit gewoon benouend dat W C van Wyk, J P Oberholzer en J I de Wet opmerk dat hulle in hulle werk (in die interkerklike komitee vir onderwys en opvoedkunde) '...geïnhibeer is deur die wete dat hulle bepaalde Afrikaanse - fundamentalisties-georiënteerde gereformeerde kringe - moes tevrede stel' (Loader 111). Die feit dat daar op die Afrikaanse kerklike en onderwystoneel so 'n inhibisie bestaan, betwyfel ek nie. Ek is daaroor bekommerd, veral wat die uitwerking daarvan ten aansien van godsdiens op skool en die opstel van leerplanne vir die doel is. Of ons die klag van 'fundamentalistiese burokrasie' kan afskud, is vir my 'n baie ernstige vraag. Miskien moet ons aandag gee aan die 'enigste oplossing' wat Loader aanbied, naamlik '...dat 'n werkverbond opgerig moet word tussen fundamentalistiese, semi-fundamentalistiese en kritiese teoloë. Almal sal mekaar se standpunte moet respekteer en mekaar toelaat om na werklike oortuiging te skryf' (Loader 117).

Ek wil byvoeg: sonder om mekaar enersyds verdag en andersyds belaglik te maak. As iemand nou vra of so 'n houding en werkspatroon nie skadelik vir die onderwys gaan werk nie, wil ek onomwonde nee antwoord. Ons moet tog nie so bevrees wees dat ons ons kerkvolk en skoolkinders sal 'verwar' nie. Die alternatief van 'n onkritiese solidariteit in homogene, enersluidende voorskrifte en standpunte is noodlottig. Kritiese denke ten aansien van ons diepste waarhede is gebiedend noodsaaklik. Ons kan ons kwalik iets meer vernietigend indink as 'n kerk- en skoolvolk van napraters. As die betroubaarheid en gesag van die Skrif afhanklik gemaak moet word van historiese berigte, wat met polemiese apologetiek verdedig moet word, dan rus die 'Skrifwaarheid' op 'n wankelende rots. Oor hierdie rots struikel die fundamentalisme, soos dit elders ter wêreld al gestruikel het.

## 4.2 'n Drukte van belang?

Die fundamentalistiese trekke, bewegings en roeringe en teenroeringe in die Afrikaanse kerke, soos hierbo nagegaan is, is natuurlik by verre nie die enigste gestaltes van die verskynsel in Suid-Afrika nie. Vanuit Nederland het daar in die jare vyftig 'n groep mense in Pretoria aangekom om hulle by die Vrye Gereformeerde Kerk (Art. 31) aan te sluit. Hierdie beweging het uitgekring en laat vandag klanke hoor van 'n ekstreme aard. Dit was van die begin af so. In **De Reformatie** (Jaargang 28, 19; 24 Februarie 1953) word die geval soos volg beskryf:

> Maandag 17-11-52 9 uur, een drukte van belang op het Station te Pretoria. Wat was er aan de hand? Emigranten konden elk ogenblik arriveren. Die mensen liepen zenuachtig heen en weer. De één verwachte zijn vrouw, en de ander zijn broer. Maar wij verwachten toch iets anders. Wij verwachten onze broeders en zusters die hier mee willen helpen **de kerk te bouwen**.... Broeder Bouman heette allen hartelijk welkom en dankte God dat wij **onze kerk** hier in Afrika met zo een groot aantal zielen zagen vermeerderd.... Ook onze harten zijn met blijdschap vervuld dat God hier **zijn kerk** niet vergeet. (My beklemtoning.)

Die absolutisme is onmiskenbaar: geen kerk hier te lande was goed genoeg vir die 'vrygemaakte gereformeerde kerk' uit Nederland nie. Sonder meer word dié kerk met God se kerk vereenselwig. Eindelik was daar weer ware lede van die ware kerk in Afrika. Alhoewel die groep uit slegs 32 bestaan het, was daar gou herrie met die haring. By gebrek aan 'n predikant, bedien 'n ouderling die doop. Die 32 voel hulle beswaard en ses weke na hulle aankoms word 'n beswaarskrif na die kerkraad gestuur. **De Reformatie** waarsku die groep: '...vrymaking is 'n ernstige saak, 'n heilige saak.' Dit is onverkwiklike leesstof, maar insiggewend. Was dit alles werklik 'n 'drukte van belang'?

Die drukte duur voort. Mettertyd het allerlei kerklike ontwikkeling ingetree en 'n lyfblad is in die lewe geroep: **Die Wagter**, kulturele blad tot ontwikkeling van die Gereformeerde lewe in Suid-Afrika. Aan een voorbeeld uit hierdie publikasie het ons genoeg om te besef hoe die fundamentalisme binne hierdie kerklike kring en simpatiekgesindes funksioneer. In die uitgawe van Oktober 1982 (pp 9-10) lees ons die volgende:

> Die SAUK is besig met 'n reeks radioprogramme, getiteld: Die Bybel leef.... Maar **leef** die Bybel werklik in hierdie program? Ek wil beweer dat hoër Skrifkritiek eerder leef en dat die Bybel as die onfeilbare Woord van God in hierdie program **doodgemaak** word.... Salomo word voorgestel as 'n tipe knorpot, wat soos 'n Oosterse despoot sy willekeur laat wet word. Lukraak, eklekties, gebruik hy dan van Egiptiese spreuke uit sy eie tyd om die boek Spreuke saam te stel.... Wanneer die onfeilbaarheid van die Skrif egter só op losse skroewe gestel word, is daar geen basis vir gesprek nie. Dan is die Bybel vir een van die partye mos prakties **dood**!

Die redakteur se opmerking by hierdie beskrywing toon die felheid van die totalitêre kerk- en Skrifbeskouing duidelik aan: 'Sulke programme verwar ons mense, bevorder die ongeloof en bring die mens verder van God af. Met ander woorde, sulke programme is uit die bose, geïnspireer deur die Leuengees, dit is die Satan' (p 10).

Sulke vuurtjies steek ander aan totdat dit 'n veldbrand word wat moeilik geblus kan word, waarvan ander weer sal sê: sulke vure moet nie geblus nie, maar aangeblaas word. Een van die vure is die stigting van die Vereniging vir die Daarstelling van die Gereformeerde Skool (VDGS): 'Die VDGS is van oortuiging dat die Drie Formuliere van Eenheid die belangrikste gereformeerde uitgangspunte saamvat omdat hulle die Bybel, die onfeilbare Woord van God, naspreek' (Brosjure van die VGDS).

Genoeg oor derglike woelinge op 'n newefront van die gereformeerde denkskema. Vir ons doel is dit van belang om terug te kom op die

besondere aksente van die fundamentalisme in Suid-Afrika. Die felheid van die magte wat ontketen word, kan ons 'eksklusiwisme wat oorgaan in ekstremisme,' noem. Hier sien ons hoedat Bybelonfeilbaarheid só totalitêr toegepas word dat dit baie na aan Bybel- en Belydenisverering kom. Ons sal vorentoe in hierdie gesprek en debat nog veel met mekaar te rade moet gaan.

4.3 Fundamentalistiese wydlopers

Om kort te gaan, moet hier met behulp van 'n bekende krieketterm, na afwykende verskynsels verwys word, wat deur 'n al te starre fundamentalisme opgeroep word. Van hulle sê Barr:

> These types of religion are not absolutely tied to fundamentalism, and sometimes they spring up within quite other streams of Christianity. Healing and speaking with tongues both commend themselves fairly naturally on the grounds that they represent a recovery of the original state of the New Testament Church: one should see the sick healed through prayer and faith, one should have a fresh and overwhelming experience of the Holy Spirit after one has been a Christian for some time, one should speak with tongues....
>
> (Barr 1977: 207).

Hierdie mense is nie fundamentaliste in die sin van die woord soos aanvanklik aangetoon nie, maar is produkte daarvan. Verskansing, versperring en verstarring roep verset op. Ons ondervind dit op die Afrikaanse kerktoneel in 'n groeiende mate. Pentakostalisme en charismatika kan dien as versamelname vir 'n wydvertakte stroomversnelling in die kerklike en geloofslewe. Soms is dit meer ekstremisties as ortodokse fundamentalisme, in dié sin dat moderne teologie en Bybelse kritiek fel verwerp word, soos wat hulle fundamentalisme verwerp om in 'n neo-fundamentalisme te verval. Ortodokse konservatisme word vir persoonlike ervaring ingeruil.

'n Tipiese voorbeeld is die publikasie: **SA Vernuwing/Renewal**. Dit betrek almal wat bereid is om aan die debat oor vernuwing deel te neem. Seker een van die belangrikste debatte wat gevoer is, is die Doopkongres in 1983, hoewel die inisiatief nie van die blad uitgegaan het nie, maar van professor Adrio König van UNISA. Die kommentaar van die blad ná die kongres - wat as 'n forum vir debat positief beoordeel moet word - is vir ons doel van belang, omdat dit die armoede en verstarring op die kerklike akker belig (**SA Renewal** 6, 6 1983: 3 evv). Ewe insiggewend is dit dat die blad sy naam in 1984 na **Credo** verander het. Waarom? In die hoofartikel van die eerste uitgawe (**Credo** 1, Okt-Nov 1984) word gevra: 'Het ons formalisme verruil vir leë opportunisme?' Die antwoord was 'n duidelike ja: 'Weens ongelukkige eksesse, oordrewenheid en ander probleme is duisende egter van hulle "charismatiese verwagtinge" genees omdat hulle met die werklike lewe moes voort. Opportunisme word gou aan die kaak gestel' (p 63).

Van hierdie eksesse waarvan ons in die media veel te lese en te siene gekry het, was die aansprake (en mislukkings) by genesingsdienste, waarvan die redakteur sê: 'Oor die rigting wat aanbidding tans in die charismatiese beweging inslaan, is daar veel om oor te ween... maar ons kan nie vashou aan ou, uitgediende formalistiese liturgie nie.' Inderdaad is daar veel om oor te huil. Wanneer Ray McCauley openlik voor die kameras van die SATV met fanatieke geesdrif sê dat die Rhemagroep en Rosebank Bible College fanatiek is en dat ons '...nog niks gesien het van wat kom nie,' dan is daar rede tot kommer.

Hierby moet ek dit laat. Fundamentalisme en sy wydlopers stel die kerk voor enorme uitdagings in Suid-Afrika. Selfhandhawing, eiegeregtigheid, botsings en eiebelang is 'n vrugbare teelaarde vir fundamentalisme in al sy verskeidenheid van vorms. Ons kry nou kerke binne die kerk. Is die antwoord 'terug na gister' of 'volstoom na môre'? Dié vrae is, vir almal wat die Bybelkunde wil bevorder, van die uiterste belang. Hoe hierdie vrae beantwoord gaan word, sal bepaal wat in die kurrikula op skool teregkom. Dit sal bepaal wat ons nageslag aan lewende geloof en geankerde kerkwees oorhou, vertroetel en uitbou.

In 'n veranderende Suid-Afrika met ongekende konstitusionele ontwikkeling, toenemende konflik en konfrontasie, staan 'n versuilende fundamentalisme lynreg in stryd met die erkenning van die ander en skepping van lewensruimte vir almal. Die vraagstuk wat ons bespreek is nie teoreties en akademies nie. Dit is vraagstukke wat uit die praktyk aan ons deur gelê word. Ons durf dit nie afmaak met versuiling in kerklike fundamentalisme of interkerklike solidariteit nie.

In die laaste instansie is ons nie begaand oor teologiese fundamentalisme nie, maar die uitwerking wat uitgangspunte en onderwysbeleid op skool het en nie moet hê nie. Waarheen is ons op pad? Na private en ouerskole, konfessionele skole met volle godsdiensvryheid (of bestaan dit reeds?), die status quo-beleid en -mentaliteit - 'daar is niks met ons skole (Christelike skole) verkeerd nie' - 'n burokrasie wat ons 'n verskanste onaantasbaarheid verseker; of 'oop' staatskole, neutrale skole, 'pariteitskole'? In hoeverre moet 'burokraties' krities verdiskonteer word?

Al hierdie, en nog veel meer vrae word deur die behandeling van die tema na vore geroep. Wie hierop sy rug draai, is skuldig aan onverskillige selfversekerdheid. Dit verg, inteendeel, van owerheid, akademie en onderdaan die hoogste betrokkenheid. Dit verg van die Bybelkundevereniging groter bereidheid om die probleemstelling en kontoere vir antwoorde veel verder te trek as waaraan hy gedink het by die totstandkoming van so 'n liggaam.

### 4.4 Grensverskuiwings

Die skildery is nie net een en al skaduwee nie. Gelukkig is daar grensverskuiwings die wêreld oor, ook in Suid-Afrika. In die Rooms-Katolisisme is die gistingsproses sedert 1893 aan die gang. Pous Leo XIII (Providentissimus Dei) het die deur geopen vir Katolieke teoloë om historiese kritiek in Skrifuitleg toe te pas, deur die erkenning dat Bybelse boeke nie noodwendig histories akkuraat is nie. Dertig jaar later het pous Benedictus XV (Spiritus Paraclitus: 1920) die deur probeer sluit. Dit het uitgeloop op die **Dei Verbum** van Vatikaan II waarin die onfeilbaarheid van die Skrif duidelik

aanvaar is. Sonder probleme het dit nie gepaard gegaan nie. Die **Dei Verbum** is eintlik die sege van die ultra-konserwatiewes in die Katolieke Kerk en die studiestuk wat gedien het. Dit het 'n fel debat meegebring, waardeur iemand soos Hans Küng 'n voet in die deur gekry het om kritiese geluide in toenemende mate te laat hoor. Ten spyte van die feit dat hy in 1979 deur die pous uit sy amp as hoogleraar in Tübingen ontset is, is hy nooit geëkskommunikeer nie en gaan hy voort om sy leerstellings te verkondig as leier van 'n beduidende aantal Katolieke teoloë.

Ook Raymond Brown gee versigtige, tog onmiskenbare treë in dié rigting. In 'n onlangse werk oor onfeilbaarheid skryf hy: 'But in the limited context here I have argued that inerrancy cannot be applied **a priori** to the literal sense of Scripture in a way that would free it from human limitations' (Brown 1981:20). Nogtans ontvang sy boek die nihil obstat en Imprimatur! (Junie 1981).

In Nederland kry ons 'n soortgelyke, opspraakwekkende grensverskuiwing. In 1949 kan Polman nog skryf van die 'absolute en onfeilbare gesag' van die Skrif en Gods Woord (Polman 105, 80-160). Vir baie jare was dit die oorheersende Skrifbeskouing van die Gereformeerde Kerke in Nederland. Die prentjie het verander. Die Sinode van Delft aanvaar in 1980 'n studiestuk oor die aard van die Skrifgesag wat wesenlik en radikaal verskil van die tradisionele Gereformeerde Skrifstandpunt. Die rapport is gepubliseer en enkele verwysings daarna is vir ons doel voldoende. Die vraag word gevra of die Bybel ook in historiese opsig absoluut onfeilbaar is. In die verlede, so kom die antwoord, is die Bybelse betroubaarheid voorop gestel. Vandag, egter, kan dit nie meer gehandhaaf word nie. Veel meer begrip en aandag moet aan die menslik-feilbare werk van die mense in die Bybelkomposisie gegee word (Hofland e.a. 1981: 57, 64, 69 en ander bladsye). Tog word die historiese kritiek nie ongekwalifiseerd die huis binnegehaal nie. Daar word ook vraagtekens agter die metodes geplaas. Die debat bly dus oop, hoewel die grens van 'n fundamentalistiese Skrifinterpretasie tog duidelik verskuif is na 'n anti-fundamentalistiese inslag (Hofland e.a. 1981: 69 en elders).

Die klemverskuiwings - uiteraard 'n universele verskynsel - het Suid-Afrika nie onaangetas gelaat nie. In 1982 verskyn 'n publikasie van Van Huyssteen en Du Toit, waarin die bogenoemde rapport bespreek en geëvalueer word. Terselfdertyd gee dit ons 'n indruk van die wyse waarop tans ook in ons land oor Skrifgesag en fundamentalisme nagedink word. Enkele sinne uit die publikasie illustreer die saak:

> Die rapport 'God met ons' slaag dan ook daarin om hierdie probleem eerlik oop te vlek in 'n tipe geloofsverantwoording wat direk om dialoog en evaluering vra... as gelowige Christene kan ons nie langer bekostig om 'n naïewe tipe immuniseringstaktiek toe te pas waardeur onkrities op 'n groepsvertroude en groepbevestigende manier aanhou praat word asof ons die 'Bybelse' waarheid nog altyd in pag gehad het....
>
> (Van Huyssteen & Du Toit 1982: 1 ev).

'n Beredenerende samevatting vind ons by Deist. Die Bybel se gesag en onfeilbaarheid sien hy as dubbelsinnige terme. Dit is nie 'n despotiese gesag nie. Die Bybel is, so sê hy, 'n dringende uitnodiging, nie 'n dwingende bevel nie, '...want die Bybel se gesag setel nie in die boek en die gedrukte letters nie, maar in God, byna onherkenbaar vermenslik....' (Deist 1982: 56-57).

Te veel ruimte is reeds aan soveel aspekte van die fundamentalisme gegee; nietemin nodig. Uit die oorsig blyk in hoe 'n mate die een sentrale denkbeeld van die onfeilbaarheid van die Skrif die groot stukrag - maar ook die fundamentele knelpunt - agter die verskynsels is waarvan die kerk en die opvoedkunde hom moet rekenskap gee. Ek laat die bespreking verder daar in die hoop dat ek genoeg aspekte aan die orde gestel het om tot 'n vrugbare gesprek te lei. Dat die gesprek voortgesit moet word, lei geen twyfel nie. Die omvangryke werk van Barr (1977) het getoon hoeveel knelpunte en gesprekspunte daar nog steeds op ons wag. Sy werk het aansienlik aksie en reaksie ontlok, ook in Suid-Afrika. In 1980 het daar 'n

proefskrif verskyn waarin Wells wys na die opkoms van die 'Biblical theology movement' as 'n soort neo-konservatisme in die sin van 'n Bybelse teologie wat op die Bybel gefundeer en gebou is. Sedert die jare dertig het die teologiese denkbeelde steeds sterk na vore getree, en is soms gesien as 'n voortsetting van denkbeelde uit Barth se teologie (Wells 1980: 46 evv). Dit sal ons te ver voer om selfs illustratief te verwys na werke soos dié van H H Rowley, J W C Wand, J K S Reid, A Richardson, e a. Wat van belang is, is om te besef dat die gesprek steeds voortgaan en die saak nog lank nie uitgemaak is nie. Geen wonder nie dat Barr gereageer het met 'n publikasie wat probeer om 'n weg aan te dui uit die oerwoud van vrae rondom die fundamentalisme, en as antwoorde op vrae en standpunte soos dié van Wells (Barr 1984). Kennelik is syne 'n herformulering van wat Barr, tereg, as fundamentalistiese teologie beste mpel het. Sy herformulering berus op 'n verbondsteologie. Sy slotsom is daarom nie vir ons vreemd nie:

> To improve human meanings on Scripture which are foreign to the text is a parody of man's place in the covenant order.... This communion with God, in which we enter into the Creator's Sabbath-rest, is the deepest motive for interpretation of Scripture ... quidquid docetur ascriptore sacro docetur a Spiritu Sancto.

(Wat ook al deur die heilige skrywer geleer word, is wat deur die Heilige Gees geleer word.) (Wells 1980: 379).

Slegs een vraag bly oor waarop 'n antwoord gegee moet word: die titelvraag van hierdie voordrag.

## 5. Fundamentalisme: ja of nee?

Soveel is reeds gesê dat 'n opsomming oorbodig is. 'n Slotstandpunt is nodig. Basies het ons met 'n gevaarverskynsel en patologiese fenomene te doen, wat in 'n groot verskeidenheid van kontekste en agtergronde voorkom. Hier speel die totalitêre gesagsbeskouing van die Bybel die sentrale rol. Die konsekwensies is duidelik op baie terreine van die samelewing.

Beteken dit dat 'n wegbeweeg van fundamentalisme die gesag van die Skrif aantas of relativeer? Word absolute waarhede nou op losse skroewe gestel? Ontneem ons ons mense hulle onwrikbare sekerhede deur die gevare en grense van die fundamentalisme uit te wys? Moet ons terugvlug in die veilige vesting van kerklike en Bybelse verabsolutering?

'n Mens loop die gevaar om ja en nee te antwoord, waarmee niemand gedien word nie, allermins die belangrike saak waarmee jy besig is. Ons moet ons nie al te maklik laat verontrus nie. Die normatiwiteit en betroubaarheid van die Bybel vir lewe en leer is nie van historiese, dogmatiese of kerklike onfeilbaarheid afhanklik nie. Ons sal almal saamstem dat die Bybel nie 'n wetenskaplike handboek of juridiese wetboek is nie. Sy normatiwiteit en gesag lê dus op 'n ander vlak, in 'n dieper teologiese dimensie. Normatiwiteit kan verskillende gestaltes aanneem: dit is egter nie staties gestruktureerd (eens-en-vir-altyd en vir alle omstandighede waar) nie; dit is dinamies-kreatief. 'n Kreatiewe norm skep nuwe bestaans- en lewensbeskouings. Daarom is dit nie partikularisties-eksklusivisties nie.

Die Bybel is universalisties-inklusivisties. Dit is 'n menslike rekord van God se doen en late met mense, en mense se spreke met en oor God, in die geskiedenis, in die kerk en daarbuite. So bly die Bybel rigsnoer en rigting vir kerk en gemeenskap. Wanneer die Bybel egter verobjektiveer en verabsoluteer word, word hy in 'n eksklusiewe kategorie geplaas. In ons gebroke werklikheid - ook Bybelse en kerklike werklikheid - kan die fundamentalisme ons nie tot die totaliteit van ons menswees onder en deur die Woord lei nie. Die dualisme, wat ek probeer aantoon het, is nie binne die Skrif geleë nie, maar tussen die Skrif en sy leser (interpreteerder). Van een dualisme kom 'n ander: in die gelowige en tussen gelowiges in hulle onderskeie kerkverbande. As ons die Bybel op hierdie wyse aanwend, lei dit hoogstens tot verdere versnippering van die reeds bloeiende realiteit van ons bestaan.

Wie nee sê, verlaat die veiligheid van die tuiste in eie oordeel vir die riskante belewing van die werklikheid in die ope gesprek met die

ander. Wie voor hierdie alternatiewe gestel word, het geen ander keuse as om nee vir die fundamentalisme te sê nie.

## BRONNELYS

Barr, J 1973. **The Bible in the modern world.** London: SCM.

1977. **Fundamentalism**. London: SCM.

1984. **Escaping from fundamentalism.** London: SCM.

Brown, R E 1981. **The critical meaning of the Bible.** New York: Paulist Press.

1982. The Gospel according to St John, Vol 2, **Anchor Bible**. London: Chapman.

Christian Schools Internation. **Bylaws**. Grand Rapids: Michigan.

Colwell, E C 1967. **The study of the Bible.** Chicago: University Press.

Conn, Harvey M 1976. **Contemporary world theology.** Nutley, N J: Presbyterian & Reformed Publishing Co.

Deist, F 1982. **Sê God so?** Kaapstad: Tafelberg.

Galbraith, J P sa. **Why the Orthodox Presbyterian Church?** Philadelphia: Committee on Christian Education.

Groenewald, E P 1968. **Handboek Bybelse geskiedenis. Die Nuwe Testament**. Pretoria: HAUM.

Heyns, J A 1978. **Dogmatiek**. Pretoria: NGKB.

Hofland, A C e.a. 1981. **God met ons. Over de aard van het Schriftgezag.** Leusden: Toerustingsentrum.

Loader, J A 1980. Ortodokse fundamentalisme en die gebruik van die Ou Testament in Suid-Afrika. **Hervormde Teologiese Studies**, 35/1 en 2, 101-118.

Machen, J M 1965. **The Christian view of man.** London: Banner of Truth Trust.

Polman, A D R 1949. De openbaring Gods, in Berkouwer, G C e.a. (reds), **Het Dogma der kerk**. Groningen: De Haan.

Ridderbos, H N 1968. Feilloosheid, onfeilbaarheid, autoriteit. Over de aard van het Schriftgezag, in **Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid**. Kampen: Kok.

Rushdoony, R J 1983. **Salvation and Godly rule.** Vallecito: California Ross House Books.

Teeple, H M 1982. **The historical approach to the Bible.** Evanston: Religion & Ethics Inst.

Van Dyk, J & Mattheis, N sa. **The beginning of wisdom. The nature and task of the Christian school.**

Van Huyssteen, W & Du Toit, B 1982. **Geloof en Skrifgesag.** Pretoria: NGKB.

Wells, P R 1980. **James Barr and the Bible. Critique of a new liberalism.** Phillipsburg, N J.